

SKONE EENVOUD...

MET BLOKKIESMOTIEF



MET BLOKKIESMOTIEF

BENODIGDHEDE: Ongeveer 300 g écru DMC-hekelgaring Nr. 30 (20-g-bolle); hekelpen van 1,00 mm.

MATE: Een vierkantje is ongeveer 10 × 10 cm.

AFKORTINGS: ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; dsl – dubbelslagsteek; gs – glipsteek; herh – herhaal; st(e) – steek (steke);

Let Wel: 3 ks vervang 1e lb van rondte en 4 ks vervang 1e dsl.

AANWYSINGS: Hierdie tafeldoek bestaan uit klein vierkante. Hekel soveel vierkante soos benodig.

EERSTE VIERKANT: Beginrondte: 16 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: (1 kb, 9 ks, slaan 3 ks oor) 4 keer; sluit met gs.

2e rondte: (1 dsl in kb, 4 ks, 5 lb op 5e ks, 4 ks), 4 keer; gs in 1e st.

3e rondte: (1 dsl op dsl, 2 ks, 5 dsl op 1e van 5 lb, 9 ks, 5 dsl op 5 e lb, 2 ks) 4 keer; gs in 1e st van rondte.

4e rondte: (1 dsl, 5 ks, 5 dsl saam deurgetrek op 5 dsl, 5 ks, 5 dsl saam deurgetrek op 5e ks, 5 ks, 5 dsl saam deurgetrek op 5 dsl, 5 ks) 4 keer.

Knip garing af.

Hekel soveel vierkantjies soos benodig en werk dit later met naald en garing aanmekaar.

MET BLOMMOTIEF

BENODIGDHEDE: DMC-hekelgaring Nr. 30 (20-g-bolle); hekelpen van 1,00 mm.

MATE: 1 stermtief is 13 cm van punt tot punt.

AFKORTINGS: ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; st(e) – steek (steke); herh – herhaal; gs – glipsteek; sp(s) – spatie (spasies); vlg – volgende.

AANWYSINGS: Die tafelkleed bestaan uit soveel roosmotiewe soos verkies, vir een motief is ongeveer 5 g hekelgaring nodig.

EERSTE MOTIEF: Beginrondte: 10 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 24 lb in ring, sluit met gs.

Let Wel: 3 ks vervang eerste lb aan begin van 'n rondte en elke rondte word afgesluit met gs in 1e st van dieselfde rondte.

2e rondte: *13 ks, gs in 10e ks vanaf hekelpen om 'n ring te vorm, 3 ks, slaan 2 lb oor, 1 kb in vlg lb*; herh van * tot * nog 7 keer.

3e rondte: Hekel met 3 gs tot die 10-ks-ring; *7 lb, 2 ks, 7 lb* in ring; steek hekelpen in vlg 10-ks-ring en herh van * tot *; eindig elke

BLOKKIES EN BLOMME

MET BLOMMOTIEF



ring met 'n gs om laaste lb van dié ring aan 1 e lb van vlg ring te koppel.

4e rondte: gs oor 7 lb van blomblaar tot in 2-ks-sp aan punt en hekel * 12 ks, 1 kb in vlg 2-ks-sp; herh van * tot einde van rondte.

5e rondte: Hekel in elke 12-ks-sp: * 10 lb, 2 ks, 10 lb*; eindig met 'n gs in 1e lb van rondte.

6e rondte: Hekel in 20 lb van elke sp (1 lb, 1 ks, slaan 1 st oor) 4 keer, (1 lb, 2 ks, 1 lb) in 2-ks-sp, (1 ks, slaan 1 st oor, 1 lb) 4 keer, 1 ks, slaan 1 st oor, 1 lb, slaan 1 st oor*; herh van * tot * tot einde van rondte, eindig met

gs in 1e lb van rondte.

7e rondte: gs oor eerste lb van vorige rondte; * (1 lb op vlg lb, 1 ks) 5 keer, (1 lb, 2 ks, 1 lb) in 2-ks-sp, (1 ks, 1 lb op lb) 5 keer, slaan 2 lb oor * herh tot einde.

8e en 9e rondte: Soos 7e rondte.

10e rondte: Slaan 1 lb oor, 2 lb in elke 1-ks-sp en 1 lb op elke lb van vorige rondte; hekel (1 lb, 2 ks, 1 lb) in laaste 2-ks-sp.

Knip garing af.

TWEDE MOTIEF: Hekel 'n tweede

motief soos hierbo uiteengesit en verbind en punt aan punt van eerste roosmotief terwyl 10e rondte gehekel word, deur 'n gs i.p.v. 2 ks te hekel. Verbind volgende punt op dieselfde manier. Verbind roosmotiefstrok op dieselfde manier aan mekaar, steeds in 10e rondte.

VULMOTIEF: Hekel motiewe van slegs eerste 4 rondtes soos vir motiewe om openings tussen motiewe te vul.

Heg dié motiewe vas terwyl 4e rondte gehekel word, met gs op elke punt. ●